
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Sonde wat maklik verstrik

LAAT ONS OOK ELKE LAS VAN ONS AFGOOI, OOK DIE SONDE WAT ONS SO MAKLIK VERSTRIK,
EN LAAT ONS DIE WEDLOOP: WAT VIR ONS VOORLê, MET VOLHARDING HARDLOOP (Heb. 12:1).

Ek glo dat soos jy God se Woord lees en ernstig voor Hom is en Sy Aangesig soek, Hy Self persoonlike dingetjies in jou lewe, wat nie reg is nie, onder jou aandag sal bring, en dit is waaroor hierdie artikel handel. Dit sal jou aanmoedig om **DIE DOEL NA TE JAAG om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus (Fil. 3:14).** Om aan te hou om die doel na te jaag en te strewe totdat God Sy Wonderwerkende Krag in jou lewe uitstort. Om ernstig te strewe na volmaaktheid voor God se Aangesig en in Sy Wil te lewe.

Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees; en as julle anders gesind is, SAL GOD DIT OOK AAN JULLE OPENBAAR (Fil. 3:15).

Hierdie is Sy Belofte aan ons. Ons moet ons eie geheime troetelsondes ontdek: Hy sal dit vir ons openbaar as ons met 'n oop, eerlike gemoed voor Hom kom, nl. daardie persoonlike sondes wat veroorsaak dat ons nog nie God se Krag ondervind, in die mate wat Hy dit vir ons wil gee nie.

Ek het dit al só dikwels by mense op verskillende sosiale en geestelike vlakke ontdek, dat daar 'n lieflingsonde is wat daardie persoon oor die jare vertroetel. Die Apostel beskryf dit as **die sonde wat ons so maklik omring (Heb. 12:1).** (Afr. 1979 Vertaling: **die sonde wat ons só maklik verstrik.)** Hy sê ook dat ons DIT MOET AFLê as ons die prys aan die einde van die wedstryd wil ontvang.

Talle goeie mense, wat effektiewe Christen werkers KON GEWEES HET, het moedeloos geraak weens die ekstra gewigte wat hulle nie kon aflê nie, dat hulle lank voor die einde van die reis, uitgesak en skepties geraak het, teenoor die krag wat God aan die gelowig beloof het en selfs teenoor Jesus se woorde aangaande tekens en wonders. Baie gee dan moed op om ooit hierdie oor[onde wat jy onwillig van God te ken. MO[at vaar. Gaan soek God alle[onde wat jy dink só groot erns ten alle [God dit skaars kan aan jou JOU TR[tog só groot dat jy uitgewys het. Slegs [seker is jy nooit dan sal jy Sy [daarsonder sal kan ondervind. [lewe nie.

'n Ryk jong man [Dit is die sonde, na Jesus gekom, ar[: jy jouself gedurig weet wat dan verke[eer wysmaak, 'n godsdienstige lewe.[eid is. Wees eerlik angstig dat h[self, en noem dit AANGEHARDLOOP g[Moenie jaloesie, neergeval het aan die Meester se voete. Toe hy vra: **"Wat moet ek doen ...?"** antwoord Jesus: **"Net een ding kom jy kort ..."** Christus het toe hierdie jongman se troetelsonde uitgewys en hom beveel om daarvan ontslae te raak (Mark. 10:21). Onthou dat wanneer jy die Here soek, sal Hy Sy vinger op jou lieflingsonde lê, soos Hy met die jong man gedoen het, want Hy is altyd getrou. Maar as jy weier om hierdie sonde op die altaar te plaas, sal jy ook BEDRUK weggaan, soos hy. Wanneer God met jou praat, hoe klein die stemmetjie ook al is, WEES GEHOORSAAM! Raak ontslae van daardie TROETELSONDE en gaan vorentoe met God! Jou troetelsonde is daardie sonde waaroor jy nie wil hê dat die prediker moet preek nie.

Dit is die sonde waaroor jy altyd vinnig verskoning maak.

Dit is die sonde, alhoewel jy nie saamstem dat dit sonde is nie, wat jy maar liewer nie wil hê ander van moet weet nie.

Dit is die sonde wat jou die maklikste verlei.

Dit is die sonde wat jy altyd gereed is om te verdedig.

Dit is die sonde wat dikwels en maklik twyfel en terneergedruktheid oor jou gemoedstoestand bring.



waaksaamheid noem nie. As jy gierig is, moet nie jouself ekonomies noem nie. As jy skuldig is aan hoogmoed, moet dit nie kamoefleer as selfrespek nie. As jy gedurig oordryf (die waarheid verdraai) erken dit as LEUENS! Is jy eenvoudig net hardkoppig? Of kruip jy weg agter die wanvoorstel dat jy ferm is? As die sonde wat jou verstrik vleeslike lus is, moenie verskoning maak dat jy van natuur warmbloedig is nie. Moenie gedurige kritiek, die gawe van onderskeiding of 'n goeie oordeelsvermoë noem nie. Is jy prikkelbaar en vol klagtes? Satan sal vir jou sê jy is senuweeagtig en dat prikkelbaarheid die noodwendige gevolg is.

Kom Geliefde, wees eerlik met jouself en met God. Noem dit presies wat dit is. As dit sonde is, noem dit sonde, en val op jou aangesig voor

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Sonde wat maklik verstrik)
God en vra Hom om jou vry te maak en 'n oorwinnaar te maak.

Daar is baie, wat hul sondetjies wil verskoon deur te sê dat almal dit doen! Onthou, jy kan jou lewe nie skoei volgens ander se foute nie. Miskien het God al baie met hulle gepraat, juis oor daardie sonde. Moenie jy, net soos hulle, verval in ongehoorsaamheid nie!

As Hy nie met jou gepraat het nie? Hou dan Jesus se gesindheid oor só 'n houding by jou in gedagte, toe Hy vir Petrus vermaan het: **Wat gaan dit jou aan? VOLG JY MY (Joh. 21:22).**

Toewyding het baie te doen met persoonlike dinge. Dit is die klein dingetjies in ons lewens wat op sigself nie sonde is nie, wat later Christus se plek in ons lewens inneem, as ons dit toelaat. Dink maar daaraan hoeveel sogenaamde Christene erken dat hulle maar min tyd aan Bybel lees bestee. Hulle sê hulle is te besig, en het net tyd om die daaglikse koerant te lees en die Sondagkoerante en talle tydskrifte en storieboeke! Hierdie leesstof is vir hulle belangriker as die Woord van God. Hulle het God uit Sy regmatige plek verdryf in hul lewens. Dan is dit só, dat baie van hierdie ander leesstof vol pornografie en sondige gedagtes is. Maar al is dit nie die geval nie, is dit sonde omdat dit CHRISTUS UIT JOU LEWE GEDRUK HET. Duisende sogenaamde Christene, wat hulle geloof in die Here Jesus bely, sal meer van God se krag hê as hulle minder ure voor die televisie deurbring, en daardie tyd in afsondering gebruik om na God se stem te luister. Al hierdie is die klein jakkalsies wat die wingerd verniel, die jong druiwe verniel en God se volk beroof van vrugbaarheid.

Dink maar aan die lang ure wat by rugbywedstryde en ander sportwedstryde, naweek ná naweek deurgebring word – sommer maande aanmekaar. Hoeveel meer sou hulle vir God se koninkryk kon beteken het as hulle op hul knieë gedurende daardie tye, teen Satan en sy owerhede en bose magte van duisternis gestry het! (EF 6:12). EN NOU PRAAT EK NIE MET ONGELOWIGES NIE, MAAR MET JOU, KIND VAN GOD!

Dit is nie altyd die growwe, groot sondes wat tussen mens en God staan nie! Inteendeel, die sondes wat die meeste mense weghou van die beste wat God vir hulle wil gee, is daardie deelname aan dit wat almal doen! Hulle wat met erns 'n las het vir siele en siekes, vir 'n verloregaande wêreld wat oppad hel toe is. Hulle wat die werke doen wat Christus belowe het hulle sal doen, hulle wie se bediening gevolg word deur wonders en tekens en hulle wat verlossing bring aan die in nood, het lankal hierdie sondetjies afgelê. Jy mag miskien sê "BYNA almal in my kerk doen dit of dat" Maar terwyl hulle dit doen, sal hulle steeds wonder waarom die WONDERWERKENDE KRAG VAN GOD IN HULLE LEWENS ONTBREEK. Baie van hulle wonder of hulle gereed is vir die wegraping. As jy vir een of twee van die wat bely dat hulle GERED en GEESVERVULD is vra, of hulle gereed is om op die wolke weggevoer te word, Jesus tegemoet in die lug (1Thess. 4:16 en 17) sal jy ontdek dat hulle onseker is. Sulke mense kan tog nie hierdie WONDERWERKENDE KRAG VAN GOD in hul lewens hê nie. Só nou en dan mag hulle 'n gebed beantwoord kry, maar die tyd waarin ons lewe vereis meer as net dit. JY KAN NIE JOU LEWE VOLGENS DIE SKARE INRIG NIE. Daar is net een **ware patroon** vir my en jou lewe, en dit is **JESUS. Lukas 6 vers 46: En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie?**

Daar is sekerlik sommige wat die leerstellings oor heiligmaking in hierdie boek nie sal aanneem nie. Dit is jou saak. Ek het vir jou Jesus se metodes en die Bybel se voorwaardes genoem. As jy nie met Jesus saamstem nie, het dit sekerlik tyd geword dat jy jouself ondersoek en begin om saam te stem met God. As jy met God wil wandel en verlang dat Sy krag in jou werk, HET DIT TYD GEWORD DAT JY MET HOM SAAMSTEM. Wanneer jy ten volle met God saamstem, sal jy begin verskil met ander mense. Dit is beter om met God saam te stem, al moet jy nou verskil van almal met wie jy vroeër saamgestem het. Daar is vandag te veel Christene wat lewe om mense te behaag, en ook hulle self, i.p.v. God.

Daar kom in almal se lewe 'n plek om `n keuse te maak; 'n kruispad. Godsmanne van Krag het al deur die eeue by hierdie vurk in die pad gekom en het altyd die pad gekies wat moeilik gelyk het en vervolging gebring het, maar ook GODDELIKE GOEDKEURING EN KRAG. Ander het ook gekies, maar wel die pad wat aantrekliker gelyk het, die pad van gewildheid, maar ook vernietiging. Dink aan Lot van ouds, toe hy oorweeg het watter woonplek hy moes kies toe Abraham hom voor ;n keuse gestel het. Daar was die waterryke vallei, met die opbloeiende Sodom in die middel daarvan. Hierdie was seker tog 'n makliker pad as om te gaan na die eensame, ruwer berge. Lot was seker hy kon tussen hierdie mense in die vallei lewe en nie met hulle meng nie, en nie deel neem aan hulle sondes nie. Tot aan die einde het God gesê Lot is 'n regverdige man, maar hy het niks van God se krag gehad nie. Nie eers soveel om sy eie getroude dogters te red van ondergang uit Sodom nie, want hulle het hom gesien soos een wat gekskeer (Gen. 19:14).

Hierdie weg is nog steeds oop vir diegene wat dit kies. Maar loof die Here vir die beter pad. Dit is ook nog steeds oop. Daarop vind jy die voetspore van manne soos **Moses, wie deur die geloof, toe hy groot geword het, geweier het om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word met die volk van God, as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê (Heb. 11:24 en 25).**

Dan is daar Josef, toe hy by dieselfde kruispad gekom het, gekies het om homself rein te hou, al het dit beteken jare lange gevangenisskap met bitter min hoop op vrylating. En Daniël, wat as 'n slawe seun geweier het om van die koning se wyn te drink, en wat later sy bestelling met God nagekom het alhoewel dit 'n reis na die leeukuil beteken het.


Hierdie manne het vir Satan nee gesê, sodat hulle vir God kon ja sê. Moses het die plesiere en skatte van Egipte opgeweeg teen die roeping van God en ten gunste van laasgenoemde besluit. Hy het geweet dat die aantreklikheid van die sonde net vir 'n ruk sou aanhou. Hy het God se GROTER RYKDOM oorweeg en gekies. Hy het 'n sin vir waardes gehad. Hoevele faal nie hierin in ons tyd nie! Hulle dink die groter rykdomme is die van Egipte: die wêreld se sukses en vermaak. Dit is onmoontlik om vir God ja te sê, voordat ons vir hierdie dinge van die wêreld nee gesê het!

Hulle wie se oë en ambisies op die wêreld gerig was, sou gou wees om vir Moses te sê dat hy 'n dwase keuse gemaak het deur soveel op te offer vir so 'n onbenullige saak. Maar Moses het sy loon ontvang. Hy het 'N VRIEND VAN GOD geword – iemand wat van aangesig tot aangesig met God omgegaan het. Sy gesig het só geblink van die glorie van God dat die mense nie na hom kon kyk nie. In samewerking met God het hy drie miljoen mense uit slawerny in vryheid ingelei en waargeneem hoe hulle wonderbaarlik gered is en keer op keer behoue gebly het onder God se Hand. Waarlik, dit is die beloning wat ons vandag soek: dat ons in staat sal wees om redding en verlossing vir mense te bring. En God gee daardie beloning vandag aan baie mense wat Sy Stem hoor en aan Sy roeping gehoorsaam is! Mense wat nee sê vir die wêreld, en ja vir God!

In die vroeë tyd het **God 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor Sy aangesig in die bres kan staan vir die land sodat Hy dit nie verwoes nie (Eseg. 22:30).**

(Vervolg op Bl. 4)

Jesus–"Tabernacle of God with men"



Feast of Tabernacles –
The Festival of Booths
18–25 October 2005

In the Old Testament, the Feast of Tabernacles was also called the Feast of Ingathering. It was the seventh and final feast of the ceremonial year (Lev. 23). Its observance signified the commemoration of two major events: first, it reminded Israel of the time that they dwelt in booths for shelter when God brought them out of "Egypt into the Wilderness" unto Himself; secondly, it was a season of thanksgiving to God for the finished work of gathering in all the crops of the fields and for the new born lifestock which had been brought forth during the year.

On the last day of this festival the high priest would pour out a pitcher of water on the floor of the sanctuary to remind the Lord to send the early rains that would fall during Autumn and Winter seasons to prepare the ground for the spring planting and for the latter rains of the spring and summer which would ripen the seeds of the harvest. It was **"on the last day, that great day of the feast…"** that Jesus boldly declared Himself to be the true water of life: **"If anyone thirsts, let him come to me and drink. He who believes in me, as the Scripture has said, out of his heart will flow rivers of living water." John 7:37-38.** He is the source of the Living Waters that quench the thirst of our souls, and that spring up within our spirit. I am sure that you can already see the profound spiritual meaning of these Old Testament demonstrations.

The Feast of Tabernacles, also known as the Festival of Sukkot, is wonderfully rich in illustration, implication and spiritual application. Zech. chapter 14 verse 16 tells us of a time in the future: **And it shall come to pass that everyone who is left of all the nations which came against Jerusalem shall go up from year to year to worship the King, the Lord of hosts, and to keep the Feast of Tabernacles.**

Our life is in Jesus – the Word made flesh that "tabernacled" among us for a season. **"And the Word became flesh and dwelt** (tabernacled) **among us, and we beheld His glory, the glory as of the Only Begotten of the Father, full of grace and truth." John 1:14.**

He is the One who gives our earthly existence purpose for the present, and hope for the future.

The Feast of Tabernacles speaks so much about Jesus and our life in Him. Even the sukkah, a temporary structure indwelled by the Israelites for seven days, provides a striking visual image of our existence in the world. Peter confirms that our time on earth, is a time of sojourning. 1 Pet. 2:17.

Our life, like a little booth, is a frail thing with but a fleeting existence. Paul refers to our body as an earthly house, a tent indwelled by the Holy Spirit, God's temple. (2 Cor. 5:1-8).

The sukkah or booth is a temporary dwelling. It is created purposely but it has a time limit. It must be made of natural elements, materials taken from the earth, to which it returns after its brief existence. While dwelling in a sukkah, they are reminded of the potential vanity of our existence.

But the greenery that fashions a covering for temporary shelter must be loosely thatched so that the stars can be seen through it – and our heavenly origins and destiny remembered! The sukkah bids us to "Look up!" from our frail and fleeting existence. Don't give in to despair and hopelessness. Life is not vain, empty and meaningless – if it is lived under the hand of our Heavenly Father – for our God reigns in heaven above!

The sukkah reminds us, then, of the One who is our Provider and Provision, and that He abounds in grace and goodness. In the shelter of His Presence, under the canopy of His love, we can rejoice!

The Feast of Tabernacles not only commemorates what the God of Israel has done but what He yet shall do in the future. It celebrates the Lord's goodness even as it anticipates Jesus' rule as King of kings on this earth. In that great day, when all nations stream up to Jerusalem to celebrate Tabernacles, the LORD will be King over the whole earth; and every knee shall bow before Him, King of kings and Lord of lords.

"And the LORD shall be King over all the earth. In that day it shall be – The LORD is one and His name one." Zechariah 14:9.

Revelation 21, which reveals the new heaven and new earth after the millennial reign seems to indicate the eternal value of this feast by stating in verse three: **"Behold, the tabernacle of God is with men, and He will tabernacle with them"** (Greek text). Again in verse 22 it states: **"And I saw no temple therein: for the Lord God Almighty and the Lamb are the temple of it."**

Many Christians are asking this question: "If I observe the Feast in the New Testament order, what spiritual significance and memorial does it hold for me?" This is a good question and rightfully asked. There is a profound meaning and edification that this festival can bring to all Christians.

First of all, the dwelling in booths in the old econo-

(Continued on page 4)

(Continued from page 3)

my meant literally, that the God of Israel, our Heavenly Father, was their covering and protector. He caused Israel to dwell in booths when He brought them out of Egypt to teach them that He was their true help and provider. He wanted Israel to see that He could feed, clothe, and protect them from their enemies. It is sad that Israel never understood this because they murmured and complained and through their lack of trust they rebelled against God, and their carcasses, the Bible says, bleached in the wilderness. We need to take heed of this and make a quality decision to really live by faith and trust in our Heavenly Father, for all our present and future needs. The major spiritual reward to be found in this feast is the reminder that Jesus Christ is our Lord and covering in all things and that our lives must be "hid with Christ in God." Christ is the eternal tabernacle of God for the believer.

In these trying last days, before the coming of the Lord, we are going to have to learn even more about "abiding in Christ". There are some great promises for those who learn to trust Him as Lord: **"And the Lord will create upon every dwelling place of mount Zion, and upon her assemblies, a cloud and smoke by day, and the shinning of a flaming fire by night: for upon all the glory shall be a defence. And there shall be a tabernacle for a shadow in the day time from the heat, and for a place of refuge, and for a covert from storm and from rain." (Isaiah 4:5,6).** Finally, the Psalmist David makes these profound utterances about the Lord as our Tabernacle and covering: **"He that dwelleth in the secret place of the most High shall abide under the shadow of the Almighty. I will say of the Lord, He is my refuge and my fortress: my God: In Him will I trust. Surely He shall deliver thee from the snare of the fowler, and from the noisome pestilence. He shall cover thee with His feathers, and under His wings shalt thou trust: His truth be thy shield and buckler. Thou shalt not be afraid for the terror by night nor the arrow that flieth by day." Psalm 91:1-5.**

Therefore, let us keep this feast during these last days of preparation for His coming, not in the type and shadow and legalism of the Old Testament formality, but in its New Covenant fulfilment and revelation, through God's perfect illustration, Jesus Christ our Lord, who is the "Tabernacle of God with men."

Therefore, let us keep this feast during these last days of preparation for His coming, not in the type and shadow and legalism of the Old Testament formality, but in its New Covenant fulfilment and revelation, through God's perfect illustration, Jesus Christ our Lord, who is the "Tabernacle of God with men."

For what as in the Old Covenant concealed, is in the New Covenant revealed. C

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Sonde wat maklik verstrik)

God soek vandag nog sulke manne. God se heiligheid eis dat Hy veroordeling op die bose wêreld stuur. Slegs die teenwoordigheid van die regverdiges in die wêreld hou die vloed van oordeel terug. Moses het in die bres gestaan vir die kinders van Israel en hulle lewens is gespaar (Ex. 32:10 en 11). Abraham het in die bres gestaan vir Lot en sy familie toe hulle in Sodom was. En Lot, as hy 'n groepie regverdige mense, verlos van hulle sondigheid deur sy getuienis en invloed, opgebou het en hulle saamgestaan het, kon in die gaping getree het vir die ganse Sodom (Gen. 18:23; 19:15).

Ons lewe in 'n geslag, net so boos soos die waartydens Lot gelewe het. Dit is 'n sonde siek en oordeelgebonde geslag. God se toorn is alreeds uitgespreek oor ALMAL wat deel het aan die sondigheid van hierdie wêreld, tydens ons eeu. Maar God skep nie 'n behae daarin om hierdie oordeel uit te stort op mensekinders nie. Nou, net soos in die verlede, soek HY 'N MAN – enige man of selfs 'n vrou – wat die mensdom genoeg liefhet om die opofferings te maak wat nodig is OM IN DIE BRES TE STAAN – om die stortvloed van oordeel terug te hou – om te staan as die storm neer slaan op sy rug terwyl hy sy stem verhef, luid en duidelik, in smeking by die mense om te vlug van die komende oordeel. Die wêreld is besig om die verhoog in gereedheid te bring vir die laaste deel van die dramatiese verhaal: Die Geskiedenis van die Mens op die Aarde." Binnekort sal die gordyn opgaan vir hierdie laaste toneel, die vreeslike tyd van verdrukking, as die toorn van God uitgestort gaan word sonder perke of maat op die goddelose wêreld waarvandaan die laaste regverdige mens weggeraap is. Die wolke pak saam, die weerlig blits, die donder dreun – die rukwinde van die naderende storm word in 'n toenemende mate gevoel.

Slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes (Joh. 4:35). Dit is uiters BELANGRIK dat die diensknegte van God die oes bokant alles sal stel in hierdie dae – sodat hulle kan **WERK, want die NAG KOM WANNEER NIEMAND KAN WERK NIE!** Dit is 'n tyd waarin AL DIE KRAG VAN GOD WAT DAAR VOORSIEN IS in werking gestel moet word om soveel as moontlik van die kosbare oes te red en in te bring, voor die storm los bars. Hierdie is die tyd dat **EK EN JY** 'n gaping moet vind waarin God wil hê ons moet staan en DAAR GETROU BLY STAAN. Hoe treurig was dit toe God hoopvol gesoek het na 'n man om in die bres te staan en Hy moes uitroep: **Ek het NIEMAND gevind nie. Daarom het Ek my toorn oor hulle uitgegiet; deur die vuur van my grimmigheid het Ek hulle verteer.**

God soek nog steeds MANNE OM IN DIE GAPING TE STAAN! Hy soek nog steeds arbeiders vir die oesland. Hy bied dieselfde vergoeding aan – dieselfde beloning – vir hulle wat selfs in die laaste uur kom, as vir hulle wat in die hitte van die stryd was. Hy vra net 'n onmiddellike reaksie op Sy oproep en getrouheid in die uitvoering daarvan. Sal jy JA sê, op God se oproep? Sal jy vir hom jou ALLES gee? Sal jy Sy BESTE aanneem – die WONDERWERKENDE, SIEL REDDENDE KRAG VAN GOD, vir die verlossing van die verloregaandes, die siekes en die lydendes?

Baie is oor die jare gedoen deur heilige manne en vroue van God om die menseras vry te maak, vanaf die tyd van die geregtigheid van Abel tot nou t as ek in God se Woord kyk en die

"..In die vroeë tyd het **God** **man gesoek wat 'n muur ka bou en voor Sy aangesig in die bres kan staan vir die land sodat Hy dit nie verwo nie..." (Eseg. 22:30).**



(Vervolg op Bl. 6)

UIT ONS POSSAK



My getuienis tot eer van die Here. My seun is na 'n bekende kardioloog verwys nadat die dokter 'n abnormaliteit in sy hart opgemerk het. Met die inspannings EKG bevind die kardioloog dat dit duidelik wys op 'n verstopping van die bloedvate om die hart. Ek het u geskakel om saam met my vir my seun te bid. Die volgende dag was hy vir 'n angiogram. Die uitslag van al die toetse was dat daar geen verstopping is nie, en sy hart heeltemal normaal funksioneer. Alle eer kom die Here toe, en ons loof en dank Hom vir die wonderwerk.

Mev M van Wyk, Bloemfontein

Baie dankie vir al julle gebede. Ek was so benoud toe ek moes oorsee gaan en sulke seer knieë en spiere gehad het dat ek nie kon beweeg nie. Ek het julle gevra om vir my te bid. 'n Wonderwerk het gebeur want alles was weer reg en toe die dag voor ons vertrek het ek 'n vreeslike seer rug ontwikkel. Ek het vir julle gebed en voorbidding gevra. Heeltyd het ek net gesê ek weet ek is genees deur Jesus se wonde. Dit sou baie moeilik gewees het om 'n Europese toer te doen met so 'n rug. Dit was Vrydag, Saterdag was dit weg. Net 'n wonderwerk waarvoor ek die Here loof!! Baie, baie dankie vir julle gebede. Dankie vir alles. My lewe het so verander vandat ek met u en die boekies deurmekaar is. Ek bekommer my nie oor siektes nie en weet alles is moontlik en dat ek genees is deur Sy wonde. Ek het ook al hoeveel kere wonderwerke ervaar as u daaroor bid. Dankie vir julle wonderlike ondersteuning, liefde en vriendelikheid.

Pauline van Zyl, Jansenville

Liewe Dr James, Meg en al my vriende in Jesus. Baie dankie vir Jesus, baie dankie vir Dr James, Meg en span, vir voorbidding vir my en my gesin.

My broer Philip Vermeulen is genees van depressie. Tash my aanstaande skoondogter het goeie werk gekry in Kimberley. Andrè ons seun het sy twee vakke geslaag, en Altin is genees, hy was baie siek. Jesus beskerm ook my gesondheid, ek weet ek sal ook weer kan hoor en genees wees van asma. Baie dankie.

Mev I Botha, Kimberley

Ek het vroeg in Junie maand gebed aangevra vir my oudste suster in Windhoek. Die dokters het gevind dat sy maagkanker het. 'n Week gelede moes sy weer vir toetse gaan. Ek het die sentrum geskakel en weereens vir gebed gevra. Vrydagaand het ons gebel om te hoor hoe dit gaan. Sy het oorgeborrel van vreugde. Sy is gesond. Al die toetse was skoon. Die kanker het eenvoudig net verdwyn. Sy het ook gevra dat ons ook namens haar moet dankie sê. Al die lof en eer aan ons Koning Jesus. Ek het ook gebed aangevra vir 'n vriendin, Adri wie 'n aanbod vir 'n huis gemaak het. Weereens was ons Jesus getrou. Die aanbod is aanvaar en sy is tans besig met onderhandelings om die huis te koop. Hoe sê ons dankie vir so 'n wonderlike God was ons dien? Duisend dankies aan die hele span. Die Here seën u.

Liefde in Christus

H C Gilbert, Upington

Ek was in 1980 by u in Stanger, nog in die ou gebou, daar het u vir my gebid vir beenkanker. Die dokters het gesê ek kan omtrent nog 6 maande leef. Dit is nou 25 jaar later, ek is in die sentrum volkome genees. Wat 'n wonderwerk wat net deur Jesus Christus se bloed was, en dank Hom elke dag daarvoor!

Mev M Wagner, Wingate

"....Sy het oorgeborrel van vreugde. Sy is gesond. Al die toetse was skoon. Die kanker het eenvoudig net verdwyn.....Al die lof en eer aan ons Koning Jesus...."

Ek wil u net baie dankie sê vir die brief wat ek ontvang het, dit was Donderdag die 4de Augustus die middag dat ek in my motor gesit het en u brief gelees het, toe ek Ps. 91:9-12 lees wat u vir my gestuur het, het ek 'n pyn in my regter heup 2 keer agter mekaar gevoel. Die aand toe ek in my huis is, toe kom ek agter maar my been en heup is nie meer seer nie. Ek loop normaal en nie met 'n mank gevoel nie, daar is niks meer pyn nie. Ek sê baie dankie Here ek is verlos van al die pyn, wat 'n verligting om vry en pynloos te wees, onse Here het dit gedra, ek gee Hom al die eer en heerlikheid. Baie dankie Dr James en u span vir die voorbidding.

Mnr H Hare, Ugie

Dr James, Meg en span,

Ek het die 18de Augustus gebel en voorbidding vir my man gevra met 'n baie groot operasie van die aorta tot in die bene. Hy is 66 jaar, die dokters het hom 50/50 kans gegee. Drie dae na die operasie het hy opgestaan en loop sonder enige loop ringe, of dat iemand hom moet help. Die dokters was baie verbaas dat hy so herstel het, hy het geëet en drink alles wat hy aan dink. Hy sterk by die huis aan, dit gaan goed met hom. Sonder ons Liewe Here se krag en genade en liefde en gebede kan ons nie aangaan nie, want groot is ons God! Ek prys Hom Halleluja!! **Jesaja 41:13: Want Ek, die Here jou God gryp jou regterhand aan. Ek wat vir jou sê: Wees**

(Vervolg op Bl. 6)

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Getuienisse)

nie bevrees nie. Ek help jou. Lieflik is Sy Naam.

Mev P Dobson, Pretoria

Ek wil vir u baie dankie sê vir u gebede. Ek het voorbidding gevra vir my dogter Erika se vingers wat geswel het. Dit het wonderbaarlik genees. Die swelsels is weg. Ek gee die Here al die lof en eer!! Mag die Here u ryklik seën. Liefde groete.

Mev E van Zyl, Parow

Graag wil ek u almal by die sentrum hartlik bedank vir die gebede vir my skoonsuster Anna. Die wond is genees, die virus in haar bloed is totaal weg, en ook gebruik sy op die oomblik geen antibiotika nie, waar sy eers deur die dokters mee gedeel is dat sy dit vir 2 jaar moet drink. Alle lof en dank aan ons wonderlike Vader en ook aan u. Baie, baie dankie. Die Here seën julle. **Mev R Potgieter, Villieria**

Ek het in 1999 aan u 'n gebed versoek gerig. Julle het vir my gebid, want my man het baie gedrink, gerook en ons het gesukkel om 'n baba te kry. Julle het my verseker dat julle voorbidding sal doen, en dat die Here ons sal seën met 'n pragtige baba, en vir my man, vir die redding van sy siel en vir die volkome verlossing van nikotien en alkohol. Die brief het ek in my kas geplak. Ek het elke dag vas gekyk in die belofte van die Here. Ek het nooit moed opgegee nie. Ek het ook aanhou bid… en gister, 11 Augustus 2005 het daar by my 'n diep begeerte ontstaan om in kontak met julle te kom. Alles het nie onmiddellik verander nie. God het mos Sy eie tyd. My man sukkel nog vandag om die rook te los. Hy het al so baie probeer, daarom vra ek u om asseblief nog steeds vir hom te bid, maar hy is nou al 4 jaar sonder alkohol. Hy leef baie naby die Here en is verlede jaar verkies as kerkraadslid in ons kerk. Ons huwelik is wonderlik en ons bring baie kwaliteit tyd saam deur. Verlede jaar op 27 April 2004 het ek uitgevind dat ek swanger is. Sonder enige mediese hulp! Na 9 jaar se gesukkel. Weet u, ek het altyd geglo dat die Here vir my 'n baba sal gee, want julle het dit dan verseker.. en ek het dit amper elke dag gelees in my kas. Op 17 Desember 2005 is ons baba gebore. Ons het haar naam Jesse genoem. Jesse beteken seën by die Here, en gift from God.

Ek weet vandag dat God is getrou! As mense vir my vra wat het ek gebruik om swanger te word, kan ek nie anders om te getuig dat God 'n wonderwerk in ons lewe kom doen het.

Mag God julle ryklik seën. Vriendelike groete **Mev B Kotze, Upington** v

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Sonde wat maklik verstrik)

Beloftes van God lees en die wonderwerke aanskou by geleenthede wanneer iemand WAAG OM TE GLO, dan is ek oortuig dat daar nog **VEEL MEER IS WAT GOD WIL DOEN MET 'N MAN OF VROU WAT BEREID IS OM DIE HELE PAD MET HOM TE GAAN, en nooit in sy hart twyfel nie!** En wat 'n geweldige mag sal losgelaat word teen die vernietigende vyand van die mensdom – Satan, as 'n **GROOT LEER VAN MANNE EN VROUE saam sal besluit om op God se Beloftes te staan, en Hom vertrou vir SY WONDERWERKENDE KRAG!** Jy kan daardie EEN wees, of EEN VAN DAARDIE GROOT LEER! Wanneer God 'n MAN soek, sal jy bereid wees om te gaan? SAL JY DAARDIE MAN WEES? _

UIT DR JAMES SE KANTOOR

Geliefdes,

Ek was baie geseënd om onlangs die geleentheid te kon hê om op DVD 'n reeks leringe (met visuele bewys), te sien wat die evolusie mite van veronderstelde "meer as biljoene jare" aan die kaak te stel. Die lering bevestig die waarheid van God se Woord, wat verklaar dat die aarde in ses dae geskep is, en is ongeveer ses duisend jaar oud. Dr. Kent Hovind, 'n gelowige Christen en 'n wetenskaplike, is 'n man met 'n geweldige kennis, en sy leringe oor evolusie, skepping, dinosourusse, fossiele ens. ens. openbaar duidelike waarheid waarin die mensdom vir so lank verblind is, op die manier is die geleentheid gegee dat die dwaalleer van evolusie wat ons denke gebreinspoel het, geopenbaar. Veral die gedagtes van jong kwesbare skoolkinders, wat gevoed word met on-Bybelse propaganda. Hierdie is opgevolg deur 'n briljante onderwyser en wetenskaplike, Bruce Malone, wat aan ons 'n lering met skyfies, by die Stanger Christelike Sentrum gegee het, wat die boodskap van God se ses daagse skepping van die wêreld, bevestig het en die evolusie mite weerlê het. Dit is wonderlik om te weet dat ons Hemelse Vader, in Sy oneindige wysheid, geweet het dat ons hierdie kennis in hierdie tyd nodig sou hê, deurdat dit die volkome onfeilbare presiesheid van God se Woord herbevestig as letterlik en Goddelik geinspereer. Dit is 'n ware geloofsinspuiting!

Ek vind dit veral interessant toe ek besef het dat die Joodse Nuwe Jaar in Oktober is. Rosh Hoshana, die Joodse Nuwe Jaar word op die 4/5de Oktober 2005 gevier. Volgens die Joodse kalender is dit die begin van die jaar 5766 wat terug dateer na God se skepping van hierdie wêreld en alles daarin insluitend Adam, die eerste mens (Genesis hoofstukke 1 en 2). Hulle neem dit eerstens waar deur 'n diep innerlike oordenking en berou van hulle sondes en onbesonnenhede van die vorige jaar en tweedens om die aangesig van God te soek vir leiding en 'n nouer wandel met Hom in die Nuwe Jaar. Hoe anders is hierdie nie van die manier waarop die wêreld die Nuwe Jaar vier nie (Gregoriese kalender) op die 1ste Januarie.

Ek voel diep in my hart dat ons in die tyd is van die gelykenis van die Tien Maagde, soos aan ons in Matt. hoofstuk 25 vertel word. Dit verstom my altyd hoe tien maagde met hulle lampe, net voor die koms van hul Bruidegom (Jesus), aan die slaap kon val. En tog, alhoewel ons, op soveel verskillende maniere gewaarsku is, kan waarlik sê dat ons een van die vyf wyse maagde is met genoeg olie in ons lampe? Daar was nog nooit in die geskiedenis van hierdie wêreld, so 'n toppunt van tekens in so 'n felheid – tekens wat die laaste dae aanduui en waarvan Jesus Sy dissepls gewaarsku het. Nog nooit soveel ongeneeslike pestilensies nie! Nog nooit so baie oorloë nie! Nog nooit so baie natuurrampe nie! Nog nooit so baie hongersnood nie! Tog vul baie, met hul lampe, nie hul olie aan nie, en val selfs aan die slaap terwyl hulle op hul Hemelse Bruidegom wag. Laat ons nie soos die dissipels wees wat nie wakker kon bly en net een uur saam met Jesus kon bid nie, maar laat ons: **Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. Matt. 26:41.**

Ek moedig ons almal aan met hierdie woorde van Heb. 10 verse 36-39: **Want julle het lydsaamheid nodig, om nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydie en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het My siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.**

Nogmaals baie dankie aan almal wat saam met ons vir die behoeftes van kosbare mensies elke oggend om 7 uur bid, terwyl ons brood breek en die dood van Jesus in herinnering bring. Die gebede van God se regverdiges het groot krag en die getuienisse wat ons ontvang getuig hiervan. Baie dankie vir julle briewe en getuienisse tot eer van God, en baie dankie ook vir julle waardevolle ondersteuning vir die werk van die Here wat vanaf die Sentrum voortgaan.

Mag die Here elkeen van julle ryklik seën, en mag elke nuwe dag vol wees van die vreugde en seëninge wat Sy teenwoordigheid in ons lewens sal bring, terwyl ons meer en meer bewus word van Sy groot liefde vir ons.

Baie liefde groete

Dr James

<u>LET ASB. DAAROP</u> dat ons NIE die voorraad het van enige materiaal van Dr Hovind of Bruce Malone. Alle boeke, DVDs ens is slegs beskikbaar direk van die volgende adresse.

<u>Adresse vir beskikbare inligtings materiaal i.v.m. skepping en evolusie is:</u>

Dr Kent Hovind, Creation Science Evangelism, c/o 29 Cummings Road, Pensacola Florida, 32503, USA. Internet: www.sdrdino.com

Bruce A. Malone, 3275E Monroe Road, Midland, MI 48642, USA. Internet: SearchfortheTruth. net

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende Vrydae:

14 Oktober 2005 &
11 November 2005

Genesingsdienste begin om 8.30vm. Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

HOW TO PLACE AN ORDER:
Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us. **NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP**

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐ M47 The Name of our God
☐ M50 Charismatic Witchcraft
☐ M52 The laughing spirit explained
☐ M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐ M60 How Great is your God
☐ M61 Faith as a Mustardseed
M62 What does God expect of the family
M63 What does the Bible say about Baptism
☐ M65 The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐ 16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 49 Error after Revival
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐ 61 What does God demand
☐ 62 How to bury the past
☐ 64 The Christian and Job

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea

☐ A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐ A25 The Faithfulness of the Father
☐ A28 He is Risen
☐ A30 Healing through the Cross
☐ A33 Holy Cows of religion
☐ A34 The Unlimited power of God's Word
☐ A35 Forgiveness & Healing
☐ A38 Fellowship with Christ in Communion—Tape 1
☐ A39 Fellowship with Christ in Communion—Tape 2
☐ A40 Tsunami & the rapture

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐ D29 Christianity in Crisis1-H.Hanegraaff
☐ D30 Christianity in Crisis2-HHanegraaff
☐ D32 God's Promise -Restoration (D.Gericke)
☐ D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐ D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐ D38 The Presence of God – DGericke
☐ D42 Heart Pleasing to God - D.Gericke
☐ D46 Be strong and courageous - D. Gericke
☐ D 47 Your Foundation - D. Gericke

BANK DETAILS
Stanger Christian Centre
First National Bank,
Acc No. 53730091667,
Branch code: 220129
Branch: Stanger
Fax no (032) 552 5411

HOE OM TE BESTEL:
Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-Innerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐ 13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 27-Die Doop en Tradisie
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐ M64-Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak
☐ A37—God Reageer op Kinderlike Geloof
☐ A41—Die Krag van die Waarheid

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande –ander sprekers-R10.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐ D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

BANK BESONDERHEDE
Stanger Christelike Sentrum
Eerste Nationale Bank
Rek No. 53730091667,
Takkode: 220129
Tak: Stanger
Faks no (032) 552 5411

If you would like to receive a free copy of Faith in the Word, or place an order, please complete the following and return to us by fax/post.

Name: ……...……..……Surname:… ……..……

Address: ……Code: ……..…..

' NEWSLETTER ' CHEQUE ' BANK DEPOSIT ' P/ORDER

Total: R……

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……Van: ……..……

Adres: ……..……Kode: ……..…..

' NUUSBRIEF' TJEK ' BANK DEPOSITO ' POSWISSEL

Totaal: R……